**Vrydag 24 Augustus**

| Skrifgedeelte: 2 Timoteus 2:23-26 | Fokusgedeelte: 2 Timoteus 2:24, 25 |
| --- | --- |

# Dit kan wees dat God sy teenstanders bekeer, en Hy gebruik jou vriendelike gesindheid hierin

Gister het ons geleer: jou fokus, te midde van stryd en begeertes, is jou arbeid vir God. Vandag wys die Here ons daarop dat jy op ’n sekere manier te werk moet gaan met sy teenstanders. Dit gaan oor jou houding: jy moet met vriendelikheid teenoor alle mense optree. Jy moet vriendelik wees met medegelowiges én met God se teenstanders.

Die opdrag is eerstens dat jy dwase en onsinnige twisgesprekke moet vermy, want jy weet mos dat dit tot konflik en rusies sal lei. As jy eers in ’n rusie betrokke is, dan is om-draaikans maar skraal, nog minder bekering vir die een wat dwaal. Die opdrag is tweedens dat jy God se teenstanders moet vriendelikheid moet teregwys. Ek en jy kan iemand dus nie maar net liefdeloos beveg of die dwaling bloot ignoreer nie. Ons moet iets doen. Die waarheid en die dwaling moet uitgewys word, maar met sagtheid van hart en vriende-likheid van gees.

Hoekom? Want dit gaan nie in die eerste plek oor jou nie, dit gaan oor God! Dit gaan daaroor dat God, ook net soos aan jou, genade aan hierdie persoon wil bewys. God kan volgens sy besluit hierdie persoon wat afdwaal, tot die kennis van die waarheid bring. Ja, God kan hom/haar bekeer, dus verandering in sy/haar lewe bring, sodat hy/sy ook ’n ware Christen kan word, net soos jy! God kan dit sonder jou doen, maar Hy wil jou as sy ar-beider en as sy boodskapper gebruik.

Daarom sê God vir jou: Wees my vriendelike arbeider en kyk hoe ek aan nog iemand genade skenk!

*Sing: Psalm 97-1:7; Psalm 119-1:22*

*Ds. Joop van Schaik (Randburg)*